

## AMERIKA EN DIE ANGLO-BOERE-OORLOG — V

Gedurende die tydperk van meer as twee jaar wat die Boererepubliekies 'n verbete stryd gevoer het in 'n poging om hulle los te wikkkel uit die greep van die Britse imperialisme, het hulle onvermoeid 'n smekende blik op Washington gerig met die hoop dat die Amerikaners sou ingryp en hulle van vernietiging red. Kort na die aanvang van vyandelikhede in Suid-Afrika het Leyds vir Montagu White, wat sedert 1892 konsul-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek in Londen was, na Amerika gestuur „omdat men te Pretoria nu eenmaal hoop bleef koesteren op de mediatie der Vereenigde State”.<sup>1</sup> Hoewel White uitsluitlik in privaat hoedanigheid om hulp vir die Boere by die Amerikaanse regering kon aanklop, het Leyds tog gemeen dat sy sending nie tevergeefs sou wees nie. Dit blyk uit 'n onderhoud wat hy in Januarie 1900 met Von Alvensleben, die Duitse gesant in Brussel, gehad het. Leyds het Von Alvensleben meegedeel dat McKinley, die Amerikaanse president, hom slegs met die moeilikhede in Suid-Afrika sou inlaat indien hy daaruit goeie politieke munt kon slaan met die oog op die presidentsverkiesing wat daardie jaar sou plaasvind. Hy moes oortuig wees dat die Amerikaanse volk van hom verlang het om as kampvegter van die Boere op te tree. Dit was vir Leyds daarom des te meer aangenaam om te verklaar dat die openbare mening in Amerika vinnig besig was om 'n bepaalde pro-Boere rigting in te slaan. Veel het afgehang van die houding wat die Amerikaners van Duitse en Ierse oorsprong sou inneem. Hy was nietemin vol vertroue dat hulle die Boersaak heelhartig sou ondersteun. Ten spyte van die oorwinnings wat die Boere tot dusver op die slagveld behaal het, het hy die posisie as uiters ernstig beskou, en vuriglik begeer dat bemiddeling, gebaseer op die voortbestaan van die Transvaal as 'n onafhanklike republiek, moes plaasvind. Hy het egter geen hoop gehad dat bemiddeling uit enige ander oord as die V.S.A. sou kom nie.<sup>2</sup>

Dit was nie om dowe neutte dat Leyds soveel waarde geheg het aan die houding van die Amerikaanse volk nie. Weens hul demokratiese grondwet kon hulle, anders as die Duitsers of Russe, die staatshoof 'n deeglike afranseling by die stembus gee, indien sy buitelandse beleid nie hul goedkeuring weggedra het nie.<sup>3</sup> Dit is gevolglik noodsaaklik dat ons ondersoek moet instel of Leyds met reg kon aanspraak maak op aktiewe steun van die Amerikaanse volk.

Op die oog het dit gelyk asof die Amerikaners vuur en vlam was vir die Boersaak. Op 20 Desember 1899 berig C. W. van der Hoogt, sekretaris van die *Maryland Immigration Board*, uit Baltimore aan Leyds soos volg: „*A Century of Injustice*” schijnt nu het boek te zijn van den dag. Ik heb

1. Leyds, *Korresp.*, II, Eerste Band, Voorrede punt nr. 4.

2. G.P., XV, nr. 4462, Van Alvensleben aan Von Hohenlohe, dd. 10-1-1900.

3. Vgl. Friedman, *An Outline of American History*, p. 58.

4. Vertaling in Enge's van *Een Eeuw van Onrecht*, waarin die saak van die Boere verdedig word teen die Britse optrede. Die werkie is saamgestel op las van F. W. Reitz, staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek.

5000 exemplaren laten drukken en ik zal spoedig 25,000 nodig hebben. Sommige Congress-leden en Senatoren vragen mij 25 copies tegelyk. Het regent telegrammen en brieven. Ik ben letterlyk in de laatste dagen overstelpt met aanvragen. Denkt u eens even in, alleen in Washington had ik 12,000 nodig, voor Congress-leden, Senatoren en alle andere hooge Autoriteiten, die ik nog niet eens allen heb kunnen zenden, daar de drukker niet meer als 500 per dag kan afleveren. De aanvraag is enorm. Ik had nooit zulks verwacht".<sup>5</sup> Daar was nog baie ander tekens wat die Boere hoopvol kon stem. Openbare vergaderings is oral in Amerika gehou om te protesteer teen die geweldadige onderwerping van die Republiekies aan die Union Jack<sup>6</sup>; komitees is gestig om versetveldtogte teen die verdere verbreiding van die Britse imperialisme te organiseer, bv. in Chicago en Philadelphia<sup>7</sup>; versoekskrifte is opgestel waarin die Amerikaanse regering gevra is om tussenbei te tree in die ongelyke stryd in Suid-Afrika<sup>8</sup>; en pogings is aangewend om die Amerikaanse nuusblaaie te oorreed om die Britse aggressie aan die kaak te stel.<sup>9</sup> Hierdie bedrywighede was dan ook nie heeltemal sonder vrug nie. Na aanleiding van 'n beroep wat Kruger en Steyn op die groot moondhede gedoen het om die Boerenasionalisme van ondergang te red, het McKinley in Maart 1900 in verbinding met Downingstraat getree en aangebied om as bemiddelaar tussen Boer en Brit op te tree. Salisbury het die aanbod in 'n saaklike antwoord met groot beslistheid van die hand gewys.<sup>10</sup> Dit was dus baie duidelik dat stappe wat met groot opoffering gepaard sou gaan, nodig was om Brittanje teë te hou. Sou die Amerikaanse volk wat so 'n lawaai opgeskop het oor die mededoënloosheid van die Britse imperialisme, bereid wees om die offer te bring wat die handhawing van die Boere se vryheid noodwendig sou eis? Dit was die vraag waarop die Amerikaanse staatsmanne 'n antwoord moes vind voordat hulle hul beleid kon bepaal.

Daar is menigvuldige bewyse dat die opgewondenheid wat in Amerika geheers het, alles behalwe diep uit die hart van die volk opgewel het. Dr. Andrew Gray, 'n Amerikaanse teoloog, wat ooggetuie was van die beroering in Amerika, beweer dat daar op die vergaderings wat belê is om teen Brittanje se onversadigbare dors na groetheid en roem te protesteer, 'n onweerstaanbare neiging was om van die krisis in Suid-Afrika af te dwaal na die stryd van die Iere teen die Britse imperialisme. Uit die talryke verslae van vergaderings wat hy ter insae gekry het, het dit vir

5. Leyds, *Korresp.*, II, Deel I, Tweede Band, nr. 293, Van der Hoogt aan die gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek, dd. 20-12-1899.
6. Vgl. die vlugskrif, *The Boer War and other Papers on kindred Topics* by Andrew Gray, D.D., Mattoon, Illinois, 1902, p. 7.
7. Leyds, *Korresp.*, IV, Deel I, Eerste Band, nr. 780 op p. 711, White aan Leyds, dd. 18-4-1902.
8. *Ibid.*, *The Boer War and other Papers on kindred Topics* by Andrew Gray, D.D., Mattoon, Illinois, 1902, p. 17. Een van die versoekskrifte het nie minder as 200,000 naamtekeninge bevat nie. (Vgl. Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 182.)
9. Vgl. die vlugskrif, *The Rights of England in the South African War* by E. Pétavel, D.D., Londen, 1900, p. 47.
10. Leyds, *Korresp.*, II, bylae QQ, punte 1-7.

hom duidelik geword dat die „onreg” wat die Iere aangedoen is, voorrang geniet het in die besprekings, terwyl die griewe van die Transvaal maar tweede viool moes speel.<sup>11</sup> Die komitees wat gestig is om van die Amerikaanse volk steun te verkry vir die Boeresaaik, het nie veel ywer aan die dag gelê nie. Die Philadelphia-komitee het openlik verklaar dat dit geen pligte buite die staat Pennsylvania of die stad Washington sou aanvaar nie.<sup>12</sup> Wat versoekskrifte betref, het ’n lid van die Kongres aan White erken dat daar baie in die V.S.A. onderteken word, maar bygevoeg „that petitions count for nothing — they were easily gotten up in saloons and barber shops, and people very rarely signed them with any real feeling at the back of them”. Die Amerikaanse regering was bewus van hierdie toestand, en het hom gevolglik weinig bekommer oor die ellelange lyste van naamtekeninge wat hom bereik het.<sup>13</sup> Die beroep van die Boere-kampvegters op die Amerikaanse pers om die Britse beleid in Suid-Afrika aan te val, het ewe-eens weinig reaksie uitgelok. Voor die oorlog het die vernaamste blaaië nogal probeer om die Boere se standpunt te begryp, maar die ultimatum van die Transvaalse regering aan Brittanje op 9 Oktober 1899<sup>14</sup> het ’n ongunstige uitwerking gehad<sup>15</sup>. Die *Press* van New York het verklaar dat die ultimatum die Boere se vriende in Amerika versteld laat staan het, en die draak gesteek met die protesvergaderings ten behoeve van die Republieke.<sup>16</sup> Die *Eagle* van Brooklyn het betoog dat vooruitgang en welvaart oral op die voetspore van die Britte volg. Brittanje veg nie *teen* die Transvaal nie maar *vir* hom, „since she tries to substitute the welfare of all for the greedy rule of a few”.<sup>17</sup> Die *Tribune* van New York het herinner aan die morele steun wat die Amerikaners van die Britte ontvang het tydens die Spaans-Amerikaanse oorlog van 1898.<sup>18</sup> Die *Boston Herald* wou weet op watter gronde Amerika die Britse imperialisme in Suid-Afrika kon veroordeel sonder om eers sy eie gesag terug te trek uit die Filippyne en aan die inboorlinge aldaar politieke vryheid te skenk.<sup>19</sup>

White het besef dat die *Boston Herald* ’n netelige vraagstuk aange-roer het. Daarom het hy voortdurend die vriende van die Boere aangeraai om soos die graf te swyg oor die Filippyne vraagstuk.<sup>20</sup> In ’n vertroulike skrywe aan Leyds verklaar hy: „I think you ought to know also that the recent revelations of cruelty in the Philippines are also very regrettable from our point of view. The American officers and soldiers (leaving out the question of the Boers being civilized white people and the Filipinos

11. Gray, a.w., p. 7. Die woord *onreg* is deur Gray self in aanhalingstekens geskrywe.

12. Leyds, *Korresp.*, IV, Deel I, Eerste Band, nr. 780 op p. 711, White aan die gesant, dd. 18-4-1902.

13. *Ibid.*

14. Vgl. Breytenbach, I, pp. 375-379.

15. Vgl. Pétavel, p. 47.

16. *Ibid.*

17. *Ibid.*

18. *Ibid.*

19. Gray, a.w., p. 10.

20. Leyds, *Korresp.*, IV, Deel I, Eerste Band, nr. 780 op p. 711, White aan die gesant, dd. 18-4-1902.

being semi-barbarous coloured tribes) are really behaving worse in the Philippines than the British are in South Africa. The tortures by water cure and pumping sea water into prisoners make it very difficult for American Boer sympathizers to protest with anything like consistency against the action of the British in regard to those horrible concentration camps and the execution of the generals . . . I must admit that if they (the rumours about American policy) are true, they are really more appalling than what has been going on in South Africa".<sup>21</sup>

Die toedrag van sake, soos hierbo uiteengesit, het van Theodore Roosevelt, wat McKinley in September 1901 opgevolg het, die opmerking ontlok dat die Amerikaanse meegevoel met die Boere weinig meer as „fake” was, en dat hy geen vinger ten behoeve van hulle sou verroer nie aler sy volk duidelik verklaar het wat hulle van hom verlang het. As hulle sonder huiwering die koers aandui wat hy moes volg, sou hy die mandaat onverwyld uitvoer.<sup>22</sup> John Hay, die Amerikaanse minister van buitelandse sake, is nog minder beïndruk deur die agitatie wat ten behoeve van die Boere op tou gesit is.<sup>23</sup> Hy was 'n vurige voorstander van goeie betrekkinge met Brittanje en het, volgens White, tydens die bewind van McKinley, oorheersende invloed uitgeoefen op die Amerikaanse buitelandse beleid.<sup>24</sup> White het dit dan ook nodig geag om Leyds voortdurend teen hom te waarsku. In 'n dépêche van 6 Februarie 1901 verklaar hy: „Hay is onze vyand. Ik hoop en denk zelf dat hij binnekort bedanken zal, want hij is wegens zyne anglomanie alles behalve populair by zyn eigen party. Doch in Washington zegt men dat ik verkeerd ben en dat hij zal aanblyven”.<sup>25</sup> Dieselfde vyandige gesindheid teenoor die Boere is geopenbaar deur die Senaat se Komitee vir buitelandse sake.<sup>26</sup> Ander senatore en die groot meerderheid van die lede van die Huis van Verteenwoordigers, veral Demokrate,<sup>27</sup> het dit geniet om saam met die volk te kef oor die genadelose onderdrukking van die Boere-nasionalisme, maar tog uiters versigtig gebly om die Leeu nie op sy liddoring te trap nie!<sup>28</sup> Dit is heeltelmal veilig om te sê dat die Tweede Vryheidsoorlog in sowel amptelike as nie-amptelike Amerikaanse kringe niks meer as 'n stofstorm gebaar het nie.

Andrew Gray meen dat die gemeenskaplike afkoms van Amerikaner en Brit die grondliggende oorsaak was van e.g. se traagheid om die republiekies in Suid-Afrika daadwerklik te steun. In *The Mattoon Commercial* van 9 Januarie 1902 verskyn die volgende uit sy pen: „Commencing with the 20th century a committee of five powers will rule the world — America, England, Germany, Russia and France. God has given

21. Ibid.

22. Ibid.

23. Leyds, *Korresp.*, Deel I, Tweede Band, nr. 441, White aan die gesant, dd. 22-2-1900.

24. Ibid.

25. Leyds, *Korresp.*, IV, Deel I, Eerste Band, nr. 131 op p. 119, White aan die gesant, dd. 6-2-1901.

26. Leyds, *Korresp.*, II, Deel I, Tweede Band, nr. 441, White aan die gesant, dd. 22-2-1900.

27. Ibid.; Vgl. ook Gray, *The Boer War and other Papers on kindred Topics*, p. 19, berig oor *Democratic Resolutions*.

28. Ibid.

the unquestioned leadership to the two English-speaking, Anglo-Saxon nations, one in language, one in liberty, one in religion, one in civil justice and one in freedom of commerce, more perfectly than between either of them and any other nation. Let that unity stand, let it grow naturally as the best interests of humanity require that it should grow, not as a menace to any other nation or people, but as the friend of all nations and as the commander of the peace and well-being of the world".<sup>29</sup> Hoe sterk die neiging tot rasseverheerliking onder die Europese volke aan die begin van die twintigste eeu ook al was, is Gray se chauvinistiese verklaring vir ons onvoldoende. Daarom let ons nog kortliks op die politieke betrekkinge tussen Washington en Londen.

In 'n vorige artikel het ons aangetoon hoe die Britte sedert die Spaans-Amerikaanse oorlog van 1898 onder invloed van Chamberlain alles in hul vermoë gedoen het om die welwillendheid van die Amerikaners te verwerf. Hierdie politieke strategie is gedurende die Tweede Vryheidsoorlog voortgesit. In 'n ontwerpkonvensie, opgestel in Mei 1901 deur Sanderson, die Permanente onder-sekretaris van buitelandse sake, met die oog op die stigting van 'n defensiewe verbond tussen Brittanje en Duitsland, kom die volgende merkwaardige bepaling voor: „It is agreed that this Convention shall not apply to questions on the American Continent, nor bind either High Contracting Party to join in hostilities against the United States of America”.<sup>30</sup> Voor geen enkele ander moonheid, groot of klein, het die maghebbers van Downingstraat op daardie tydstip so 'n hoflike buiging gemaak nie! Die Britte het betyds die vrug van hul arbeid ge-oes. Op dieselfde dag toe die Suid-Afrikaanse Republiek sy ultimatum aan Brittanje oorhandig, telegrafeer Leyds aan Pretoria: „Reuter seint uit Washington dat de Amerikaansche Regering altyd de suzeriniteit van Engeland heeft erkend en daarover geen moeilijkheid wil maken”.<sup>31</sup>

Ons wil geensins voorgee dat die houding van Washington uitsluitlik toe te skryf was aan die koketterie van Londen nie. Om die Brits-Amerikaanse betrekkinge in die regte lig te sien, moet ons ver terug gaan in die geskiedenis. Hoewel die Koloniale ryk wat Brittanje met die aanvang van die sewentiende eeu in Noord-Amerika begin opbou het, voor die einde van die volgende eeu in 'n onafhanklike republiek omskep is, het die paaie van Amerikaner en Brit daarna tog nie heeltemal uitmekaar geloop nie. Ekonomiese bande wat gedurende die Amerikaanse Opstand (1776-1783)<sup>32</sup> afgesny is, is spoedig op vrywillige grondslag herstel. Om maar één voorbeeld te noem: Amerikaanse katoen is jaar na jaar in toenemende mate na Lancashire vir bewerking gestuur.<sup>33</sup> Sedert die ondergang van Napoleon in 1815, terwyl die Amerikaanse presidente besig was om dekade na dekade een of meer nuwe state op die vasteland by hul

29. Gray, *The Boer Conflict — American Sympathy and Mediation*. (Aangehaal uit *The Mattoon Commercial*, dd. 9 Jan. 1902.)

30. B.D., II, nr. 85, memorandum by Sir T. H. Sanderson. (Ook die twee bylaes.)

31. Leyds, *Korresp.*, I, nr. 216, die gesant aan Pretoria, dd. 9-10-1899.

32. Vgl. Friedman, *An Outline of American History*, pp. 13-24.

33. Vgl. Southgate, *A Text Book of Modern English History*, Book Two, p. 235.

gebied te voeg,<sup>34</sup> het Washington op die Britse vloot staatgemaak vir beskerming teen potensiële oorsese vyande<sup>35</sup> aangesien Londen verplig was om 'n wakende oog te hou oor die nabygeleë Britse Kolonies soos Kanada e.a. Teen die einde van die neëntiende eeu het dit egter begin duidelik word dat Amerika nie meer nodig gehad het om tot dieselfde mate as voorheen op die arm van Brittanje te leun nie. Weliswaar het hy nog nie oor 'n indrukwekkende vloot beskik nie, maar sy oorlogsbote sou darem in staat wees om vyande wat sy kuste nader, weg te hou.<sup>36</sup> Buitendien het hy gedreig om Brittanje op ekonomiese gebied in die skadu te stel.<sup>37</sup> Tereg het Wilhelm II tydens 'n gesprek met Lascelles in Augustus 1901 Amerika bestempel as Brittanje se mees gedugte kommersiële mededinger.<sup>38</sup> Hierdie omstandighede noop 'n mens om die V.S.A. te beskou as die mees ideale kampvegter wat die Boeresak kon gehad het. Miskien was dit die geval. Washington het die saak egter in 'n ander lig beskou: Al het die prominente plek wat Brittanje in die ry van nasies beklee het, nie meer op so 'n vaste fondament soos voorheen gerus nie, was hy nogtans nuttig om die weg te versper vir enige aggressiewe Europese moondheid wat die Atlantiese Oseaan wou oorsteek om sy vlag aan die oorkant in te plant.<sup>39</sup> Dit sou derhalwe dwaas wees om die misnoeë van Brittanje op te wek, te meer daar die beoogde daarstelling van die Panama-kanaal Amerika met kwesbare punte sou laat, ver weg van die vasteland, in oostelike, westelike en suidelike rigting.<sup>40</sup> Dit verklaar o.m. waarom Uncle Sam hom die hofmakery van John Bull laat welgeval het. Dit werp ook lig op 'n gerug in *The Times* van 3 Oktober 1899 dat president Steyn van die Oranje-Vrystaat gepoog het om Amerika saam met die groot moondhede van Europa in te span as arbiters tussen Londen en Pretoria, maar dat „de nauwe betrekkingen met Engeland” die president van die Verenigde State weerhou het van deelname aan so 'n stap.<sup>41</sup> En dit laat ons ten slotte begryp waarom die sending van sowel Montagu White as van 'n Boeredeputasie, bestaande uit A. Fischer, C. H. Wessels en A. D. W. Wolmarans,<sup>42</sup> na Washington tevergeefs was.<sup>43</sup> Fischer en sy kollegas kon die papier gespaar het waarop hulle by hul vertrek uit Amerika teen die einde van Junie 1900 in 'n skrywe aan die Amerikaanse president die wens uitgespreek het „that the opportunity may be found before long in which this great Republic<sup>44</sup> could, through Your Excellency, lend its moral aid

34. Vgl. Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, p. 161; (Kyk ook kaart wat Amerikaanse uitbreiding aantoon in Friedman, p. 58.)

35. Vgl. Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, p. 163.

36. *Ibid.*, p. 164.

37. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 125-126.

38. B.D., II, nr. 90, Lascelles aan Lansdowne, dd. 25-8-1901.

39. Vgl. Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, p. 164.

40. Vgl. Gray, *The Boer Conflict — America Sympathy and Mediation*.

41. Leyds, *Korresp.*, I, nr. 199, van die gesant aan die regering te Pretoria, dd. 3-10-1899.

42. Leyds, *Korresp.*, III, Deel II, bylae T, van die deputasie aan die Amerikaanse president, dd. 23-6-1900.

43. *Ibid.*: Vgl. ook Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 97-104; Verder: Leyds, *Korresp.*, II, Deel I, Eerste Band, Voorrede, punte no's 4 en 5.

44. Die V.S.A.

in preventing the possible extinction of two smaller Republics . . . ”<sup>45</sup>  
 Hoewel die V.S.A. nog voor die aanvang van die twintigste eeu begin  
 afsien het van die beginsel van isolasie wat sedert sy ontstaan die rigsgoer  
 van sy buitelandse beleid was,<sup>46</sup> het hy dit gedoen eerder om Brittanje  
 se belange te bevorder as om struikelblokke in sy weg te lê soos die  
 Boere in hul vryheidstryd gehoop het.

Dr. H. R. van der Walt

45. Leyds, *Korresp.*, III, Deel II, bylae T, van die deputasie aan die Amerikaanse president, dd. 23-6-1900.

46. Vgl. Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, pp. 160-166; p. 168. As ons beweer dat die belange van Brittanje en die V.S.A. in die westerse halfmond identies was, moet daaruit nie afgelei word dat daar nooit wrywing tussen die twee moondhede ontstaan het nie. In 1895 bv. was Brittanje woedend omdat die V.S.A. hom ingelaat het met 'n grensgeskil tussen Brits-Guiana en Venezuela. (Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 42-43.)